# DIE GEREFORMEERDE EKUMENIESE SINODE

*Prof. B. Spoelstra*

## 1. HISTORIESE AGTERGROND

*Algemene agtergrond*

Dit is opmerklik dat die Christian Reformed Church van die VSA (CRC) en die Geref. Kerk in SA (GKSA) meer as die Geref. Kerken van Nederland (GKN) die behoefte gestimuleer het om onderlinge „eenheid" of „kerkverband" konkreet te institusionaliseer. Eerstens was die GKSA en die CRC „kleiner" kerkgemeenskappe. Tweedens het hulle as „jonger" kerke aanvanklik eners na die Christelike Geref. Kerk van Nederland (CGKN) en na 1892 op die GKN opgesien en dié kerke in geloof, liturgie en kerkregering grootliks nagevolg. Hulle het in 'n sekere sin hulle „sekuriteit" en identiteit aan die Nederlandse kerke ontleen, terwyl die omgekeerde hoegenaamd nie die geval was nie. Afhanklikheid" van Nederlandse teologie, handboeke, voorbeelde en presedente kan maklik aangetoon word, terwyl die GKN nie voor die jammerlike kerkskeuring van 1944 ooit daaraan gedink het om advies of hulp van die CRC en GKSA te vra nie. Die voorgangers uit die CRC laat by die eerste samekoms in 1946 deurskemer hoe waardig die „moederkerk" in Nederland beskou is. Op die Sinode van 1949 word openlik gesê dat die „klein" GKSA versterk word deur „deel" te vorm van Geref. Kerke oor die wêreld (p. 305).

Gedurende die 20ste eeu roep aan die ander kant internasionale sendingkonferensies (1911) en die Volkebond op politieke gebied die idee van ekumenisiteit en internasionaliteit altyd sterker op. Die Britse Ryk was 'n kortstondige wêreldeenheid. Die idee van 'n internasionale Christendom bo nasionale konfessionele en kerkregtelike identifikasies of „verdeeldheid" groei deur internasionale Christen-studente-bonde, Sondagskole, Bybelgenootskappe, liefdadigheidswerk op wêreldvlak. Tegelykertyd kleur wêreldsosialisme en die idee van 'n universele mensheid die denke in baie vorme. Die „gees" van die 20ste eeu roep al sterker om praktiese en organisatoriese „eenheid". Enige vorm van afsonderlike identiteit, waardering vir verskeidenheid, diversifikasie, desentralisasie en lokalisering is ongewens. Dit bedreig ewolusie en word as oorsaak van wrywing en swakheid afgemaak. Imperium-bou daarenteen is goed en maak sterk. Hierdie gees moes op een of ander wyse ook onder gereformeerdes gestalte kry.

Die Openlike Verklaring (Sinode 1869, GKSA) wat die ontstaan van die GKSA teenoor die NHK en NGK(e) in SA onder oë sien, roep diegene van wie hulle afgeskei het op om die eenheid met die GKSA te herstel deur dieselfde leer, kerkregering en liturgie van die Dordtse Sinode 1618/19 te aanvaar. In die „voorberig" tot die Sinodale Handelinge van die GKSA 1873 openbaar die Gereformeerdes 'n oop oog vir hulle konfessionele, kerkregtelike en liturgiese eenheid met die GKN en CRC (VSA), al leef hulle geografies en

kultureel in totaal ander omstandighede en daarom in afsonderlike kerkregeringsverbande. Die sinode van die GKSA wou steeds graag iemand na sinodes van die GKN stuur, maar was nie finansiëel daartoe in staat nie. Sonder enige „eenheids"-demonstrasie voor 1924 is daar egter nooit getwyfel dat die kerke met mekaar een in geloof en lewe is nie. Die Sinode van 1876 wou reeds aan 'n Algemene Konsilie van Presbiteraanse Kerke meedoen.

*Daadwerklike pogings vir 'n GES*

Die idee van 'n internasionale sinode word konkreet voor die Sinode van 1918 geplaas as 'n middel om eenheid in geloof en belydenis teenoor die moderne strominge in Suid-Afrika sowel as elders te bevorder. Die GKSA onderhandel dan met die NG en NH Kerke in SA. Wanneer die GKN dr. H. H. Kuyper as sy eerste deputaat na die Sinode van GKSA Rustenburg 1924 stuur en hy vooraf die sinode van die Kaapse NGK bygewoon het, opper die Sinode van Rustenburg die moontlikheid van 'n internasionale gereformeerde sinode waarin die GKN, CRC en GKSA kan saamwerk.

Die Sinode van 1927 vaardig ds. D. Postma vir die eerste keer as 'n deputaat na 'n sinode in Nederland af. Hy rapporteer terug dat die GKN kerkregtelike besware teen 'n „algemene sinode" van gereformeerde kerke koester. Hulle meen 'n internasionale Calvinistiese kongres kan beter oor ekonomiese, maatskaplike, opvoedkundige en kerklike sake beraadslaag.

Die kerke spreek in die Sinode van 1930 egter hulle begeerte teenoor die CRC en GKN uit om 'n behoorlike gereformeerde sinode van kerke uit verskillende lande op voorbeeld van die Sinode van Dordt 1618/19 daar te stel. Die CRC het entoesiasties die gedagte gesteun, terwyl die GKN gehuiwer het. Die depressie het die aangeleentheid verder vertraag. Wanneer di. W. J. Snyman en B. J. de Klerk wat in Nederland studeer, op versoek die Sinode van die GKSA op die Sinode Amsterdam 1936 verteenwoordig, rapporteer hulle aan die Sinode van 1939 dat die idee van 'n „uitwendige organisasie, in die vorm van 'n ekumeniese sinode wat die Gereforweerde Kerke in al die lande van die wêreld met sigbare bande sal saamsnoer en sy kerk tot geheel heg sal saambind" nog in Nederland lewe. Die besluit van die GKN in 1946 teen 'n werklike sinode loënstraaf egter hierdie optimisme.

*Probleme oor 'n werklike GES*

Teen 1939 was die GKN, GKSA en die CRC druk aan die onderhandel oor 'n „ekumeniese kerkverband". Die onderhandelinge trek saam op die kwessie of dit die vorm van 'n *sinode* of van 'n *konvent* moes aanneem. Voorbereidende onderhandelinge te Sneek 1939 het veral gegaan oor die status van so 'n „sinode". Die een rigting het volgens Jooste die begrip *ekumeniese* en die ander die begrip *sinode* as uitgangspunt geneem. Geleidelik het eersgenoemde rigting die oorhand behaal. (Vgl. J. P. Jooste, Die Gesk. van GKSA 1859—1959, 359v). Die voorgestelde agenda word oorheers deur akademiese vraagstukke oor leer, Skrifinspirasie, skepping en ewolusie, egskeidingsgronde, ens.

Ondertussen het die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek. Die CRC van die VSA het die saak brandend gehou en vir die GKN ingestaan. Vier deputate van die GKN, tien van die CRC en drie uit die GKSA het van 14 tot 30 Augustus 1946 in Grand Rapids, Michigan, saamgekom. As moderamen is dr. L. Berkhof (voors.), prof. G. C. Aalders, ds. E. F. J. Halsema (skriba) en prof. S. du Toit gekies. Die Handelinge staan bekend as dié van die Eerste GES. Voorin die Handelinge erken 'n uittreksel uit art. 121 die oorspronklike gedagte van 'n GES en dryfkrag aan die GKSA. Die byeenkoms het volgens die verklaring 'n begeerte sedert die Reformasie en Dordtse Sinode 1618/1619 onder die Kerke vervul „to manifest their unity and to be of mutual spiritual benefit". Toekomstige byeenkomste moes 'n „truly Reformed character" dra indien dit iets vir die ontwikkeling van die kerklike lewe wou beteken (GES, 1946, p. 17v).

## 2. DIE STRUKTURERING VAN DIE GEREFOMEERDE EKUMENIESE SINODE.

Die GKSA het in 1930 eenheid gedifferensieerd veronderstel en eintlik tweërlei ad hoc byeenkomste beoog. Leerkwessies moes in 'n *konvent* aandag van gereformeerde kerke geniet en daarby kon die NHK en NGK ook betrek word ten spyte van die feit dat hierdie kerke nie dieselfde kerkregering as die GKSA gehad het nie. Met die GKN en CRC moes egter 'n *ekumeniese sinode* van dieselfde aard as 'n nasionale sinode met die oog op kerkregering onderhou word.

In 1949 gaan die gedagte van ekumene 'n nuwe rigting op. Eenheid wat nie geïnstitusionaliseer is nie, word nie langer as eenheid aangevoel nie. Die kerk van Christus is ekumenies, wêreldwyd in Christus een „en hierdie organisme moet op ekumeniese wyse geïnstitueer word". Slegs praktiese faktore soos afstand veroorsaak dat „kerkverband" nie altyd fungeer nie (GKSA 1949, p. 55v). Dit is opmerklik dat die klem verskuif van die vraag of kerke in 'n verband fungeer na die vraag of „kerkverband" fungeer. Daarmee kom die begrip eenheid as sodanig eerder as *kerk* op die voorgrond. Die kerke moes die eenheid vergestalt eerder as om op sterkte van eenheid bymekaar te kom om 'n bepaalde funksie te verrig. Dit was asof die kerk sy wese moes verwesenlik — eerder as funksioneel sy roeping uitvoer.

### *Die basis vir die GES*

Die kerke het in 1946 kragtens hulle ooreenstemming in die Drie Formuliere van Eenheid en die Dordtse Kerkorde saamgekom (GES 1946, art. 7). Vir toekomstige byeenkomste word die „Holy Scriptures of the Old and New Testament as interpreted by the Confessions of the Reformed faith" as basis geneem. Tegelyk word gesê dat „unity of church polity cannot be stressed as a fundamental requisite". Die merktekens van die ware kerk in terme van art. 27–32 NGb moes aanwesig wees by kerke wat toegelaat sal word, d.w.s. kerke moet die gereformeerde leer handhaaf en met die oog daarop tug uitoefen (GES 1946 art. 71, 76, 114). Die volgende konfessies word erken: Eerste Helvetiese, Galliese, Belgiese, Skotte, 2e Skotse, Westminister Konfessie, Heidelbergse Kategismus, Dordtse Leerreëls

en die 39 Artikels. Skynbaar is die konfessies nie besonder sorgvuldig gekies nie, aangesien die Eerste Helvetiese a.g.v. 'n vergissing later met die Tweede vervang is. Alle kerkgemeenskappe wat die „absolutely authoritative' 'en „infallible and ever abiding Word" onderskryf, is genooi om deel te neem „in the Ecumenical Synod". In Suid-Afrika sou die GKSA, in die VSA die CRC en in Nederland die GKN (GES, 1946, 76, 83, 92, 122, 128) „kerke" keur en nooi na die tweede GES. Daarna kon die GES self keur.

*'n Bepaalde vorm van „eenheid" gekies*

Hierdie *basis* het die rigting bepaal waarin die GES sou ontwikkel. Waar eenheid in kerkregering nie deel van die basis vorm nie, is werklike kerklike eenheid, organisasie en sinodale verband uit die staanspoor uitgesluit.

Prof. Berkhouwer praat voor die Sinode van die GKSA oor die „ekumenisiteit" wat nou begin voortgang kry (Acta, p. 291). Die entoesiasme vlam hoog op oor die „katolisiteit" wat nou „vir die eerste keer na vore kan tree" a.g.v. 'n „heilige roeping" om die eenheid ook in die „uitwendige" in steeds wyer verband te soek (p. 305). Die eerste GES het die „foundation for the ecclesiastical federation of the respective Churches" gelê met hulle gemeenskaplike geloofsbelydenis (GES 1946, art. 88). Tegelykertyd het die GKN, CRC en GKSA in 1946 hulle sinodale verbondenhheid nog baie sterk as 'n „federasie" van plurale kerke (gemeentes) beskou, „assemblies within the same ecclesiastical federation (kerkverband) are gatherings of churches". Die GKN, CRC en GKSA het hulle van mekaar onderskei as afsonderlike versamelings van „Churches within the same ecclesiatical federation". Hulle was „three denominations, which meet in their own national Synods . . ." (GES 1946, art. 43, verwys na art. 41 DKO). Die standpunt van die GKN om 'n werklike internasionale sinodale ontmoeting tussen kerke uit te skakel, het gerus op die idee dat 'n „denomination" in sy „national Synod" 'n ruspunt vind. Dit is ironies dat dieselfde GKN in die sewentiger jare die NGKSA wat nie een sinode met die „dogterkerke" wou daarstel nie, drasties veroordeel het.

Op sterkte van 'n diep gekoesterde Nederlandse neiging tot apartheid en individualiteit het die GKN aksiomaties aanvaar dat die doel van 'n GES bloot adviserend sal wees en dat dit nooit 'n sinode vir appèl volgens art. 31 DKO kan wees nie. Al vroeg moet daar dus in die GKSA verder „gestudeer" word oor die vraag of „kerkverband verder strek as nasionale en/of territoriale grense" (GKSA 1949, p. 304). Wat in die GKSA as vanselfsprekend en as rede vir die GES in 1946 aanvaar is, het in dispuut gekom. Die GES word dus in 1948 te Amsterdam gestruktureer op 'n oomblik waarin werklike kerklike eenheid („kerkverband") op sterkte van die houding van die GKN afgewys is. Nietemin het die GKN 'n ander vorm van „ekumenisiteit" voorgestaan.

Volgens die kerkregtelike opvatting van die drie stigterskerke in 1946 was 'n sinode geen permanente liggaam of struktuur nie. Kerke (gemeentes) wat met mekaar dieselfde basis onderskryf, kom in sinodes ad hoc saam en besluit saam. So 'n samekoms, vergade-

ring of sinode hou op om te bestaan wanneer dit gesluit het. Indien die GES 'n sinode moes word, sou dit hierdie patroon moes navolg. In 1949 was dit egter duidelik dat die GES op pad was om 'n ekumeniese liggaam (struktuur) in eie reg te word, soos wat die GKN in sy kerkordelike koersverandering na 1950 die „sinode" as 'n struktuur in eie reg (naas die kerkraad) gereglementeer het.

*Die doel van die „international assembly" of „gathering"*

Die kerke moes in GES „express their unitiy in Christ" en „exercise as far as possible the communion of saints" (vgl. Joh. 17 : 11). „The Church of Christ is one body, and this oneness should be felt and manifested. The churches scattered throughout the world need one another" (vgl. I Kor. 12). Hulle kan mekaar slegs ondersteun en suiwer bly in „doctrine and practice" indien hulle mekaar t.o.v. die waarheid opskerp en vermaan. Die beginsel van kerklike korrespondensie (gemeenskap), wat partikuliere sinodes kragtens art. 48 KO onderling beoefen, moet in die ekumeniese beweging gekonkretiseer word. Naas eie reformasie in leer en lewe kan die kerke so ook gesamentlike getuienis in die wêreld en teenoor afwykende kerklike rigtings gee. (GES 1946, art. 88, 114).

Die moontlikheid om mekaar in die sendingtaak te ondersteun is in 1953 nog hoog op die ordelys (GES 1953, art. 101, III). Die GKN het op daardie stadium reeds sy betrokkenheid by die eertydse kolonie van Indonesië verloor en sou in die volgende twee dekades sy vroeëre sending verplaas met internasionale wêreldbetrokkenheid terwyl die CRC en GKSA nog met „sending" aangegaan het.

*Bepalende norm eenheid of kerk*

Die betekenis wat aan „eenheid" in die strewe na ekumene gegee word, moet krities evalueer word. Telkens word die kerk wat per definisie eenheid is, vanuit die kategorie *eenheid* geëvalueer asof daar geen eenheid is nie. Christus het tog nog nooit meer as een liggaam (kerk) gehad nie.

Die „eenheid van die kerk", soos gewoonlik geformuleer word, bring slegs een eienskap van die kerk losgemaak van talle ander eienskappe soos waarheid, heiligheid, ens. dominerend en normerend na vore. Die enkele eienskap van „eenheid" word verder eng en bloot organisatories aangelê. Sodra sekere kerke nie in dieselfde kerkregeringsverband leef nie, word daaruit sonder meer radikale „verdeeldheid afgelei. (Tereg het prof. K. Runia in 'n artikelreeks in Centraal Weekblad 1981 ook begin om die stelling te bevraagteken).

Volgens die 18de eeuse genootskapsreg (Rousseau: Le Contrat Social) kom die „eenheid" van die kerk as vereniging (genootskap) in sy kongres (struktuur, organisasie) na vore. Die konfessionele en kerkregtelike opvattings van die drie kerke wat in 1946 vergader het, stam egter uit die 16de eeu. Daarvolgens is die kerk in Christus 'n geestelike geloofseenheid (una sancta), wat sigbaar word en aanwesig is in die plurale plaaslike kerke waar gelowiges saamkom. Sinodes (klassisse ens.) is byeenkomste van die plurale plaaslike kerke om mekaar in kerkregering kragtens 'n aprioriese eenheid by

te staan. 'n Sinode openbaar dus per definisie eenheid in kerkregering en nie „eenheid van die kerk" as sodanig nie. Indien die GES geen bevoegdheid tot kerkregering het nie, openbaar dit nie eers hierdie eenheid in kerkregering nie. Hoe kan die GES dan „eenheid van die kerk" as sodanig openbaar? Die GES het in 1946 en 1949 geen werklike kerkregtelike bevoegdhede gekry nie — maar is aan die ander kant tog as vergestalting van die eenheid van die kerk gewaardeer! Die geweldige waardering vir strukture in die 20ste eeu straal uit hierdie anomalie. Die uitwendige (organisatoriese) eerder as die innerlike (geestelike) vang in ons eeu die oog.

*Die tweeslagtige karakte van die GES sedert 1946.*

Die GKSA en afgevaardigdes van die CRC wou in 1946 werklik 'n ad hoc sinode as periodieke samekoms van kerke en die GKN bloot 'n oop ekumeniese samewerking daarstel. Die GKN was bereid om die vorm van ekumeniese samewerking „sinode" te noem, terwyl hulle juis nie 'n werklike „sinode" wou hê nie. Hoewel die naam „sinode" herhaaldelik tot 1972 betwis is, is dit behou net omdat die byeenkoms 'n „kerklike" karakter dra. Verder is die begrip „kerk" verstaan as eenheid van gemeentes in 'n bepaalde kulturele, territoriale of historiese konteks (vgl. 1946, art. 92). Die begrip „ekumeniese" is bepaal deur die wêrelddele waar die „kerke" bestaan i.p.v. deur die universele gesag van een belydenis en kerkregering (vgl. GKSA 1964, p. 190).

Art. 48 DKO wat in 1946 as model vir die GES geneem is, het gereël dat nasionale sinodes op sterkte van eenheid in leer en kerkregering „korrespondensie" (d.w.s. die eenheid, gemeenskap of bestaande ooreenstemming) op die beste wyse met mekaar beoefen. Die meewerkende nasionale sinodes bly outonoom selfstandig en onafhanklik. Op hierdie wyse het veral die GKN met tipiese Nederlandse sin vir vryheid en selfstandigheid in 1946 en 1949 die idee van 'n werklike sinode verydel. Dit is ironies dat die GKN binne 20 jaar sou opgaan in die idee van een wêreldkerk soos beliggaam in die WRK.

Die besluit om 'n werklike sinodale band af te wys, berus nie op art. 48 DKO of 'n beginsel nie. Dit was die gevolg van die wil om eie sake afsonderlik te behartig. Indien verder nie werklik 'n „sinode" saamkom nie, is die weg na wyer ekumeniese samewerking oop vir kerke „which deviate more or less from Reformed standards but which nevertheless stand in close connection with our churches" (GES 1946, art. 114). Met hierdie uitgangspunt waaroor nie besin was nie, het die begrippe „korrespondensie", „ekumenisiteit", „kerkverband verder as nasionale grense", „enger en wyer korrespondensie" ens., onmiddellik problematies geword, sodat hulle moes aangepas word by die weg waarop in 1946 reeds beweeg is. Die eerste ekumeniese sinodes het toe oor hierdie begrippe begin studeer of studie gevra. Die Geref. ekumeniese beweging kom dus tussen 1946—1953 soos 'n kar voor die perde uit die verf. (Vgl. studieopdrag GKSA, Acta 1949, p. 302—306; vgl. p. 54v, Minderheidsrapport A. K. Bot, p. 61v. ens.; GES 1949, p. 40).

*Die tweeslagtige gesag van die GES*

Aan die eerste GES 1946 is bewys dat die byeenkoms geen gewone konferensie van gereformeerde individue was nie, maar tog die karakter van 'n sinode gemis het omdat „the three Churches represented .... do not constitute an organic unity", dit wil sê „they do not form one international denomination", of in goeie Hollandse idioom „zij leven niet in een kerkverband". „Kerkverband" word iets bloot organisatories verstaan. Kulturele, territoriale of historiese faktore sluit „kerkverband" dus uit. Op sterkte van hierdie kerkbegrip het die GES geen gesag t.o.v. ander sinodes nie (vgl. art. 36 KO) en kan daarom ook geen „supreme court or an court of appeal" wees nie. „Not being a Synod, (it) does not have synodical authority" en dra gevolglik slegs „moral" gesag.

'n Minderheid by monde van dr. H. Kuiper (VSA) wou daarom nie van 'n „sinode" nie maar van konferensie, konvent, konvensie of raad praat. Die naam „Sinode" is egter aanvaar omdat dit 'n „gathering of Churches .... through duly appointed delegates, convene to consider certain ecclesiastical matters in an ecclesiastical manner" was. (GES 1946, art. 43). Die byeenkoms van 1946 het na homself dus as die „First Reformed ecumenical Synod" verwys. Die tweede het eksplisiet die naam „Geref. Ekum. Sinode van Amsterdam 1949" aanvaar, terwyl die „sinode" op dieselfde lyne as in 1946 gefinaliseer is.

Die GES 1953 het uit die dilemma probeer kom deur daarop te wys dat die begrip „sinode" slegs 'n byeenkoms aandui en nie noodwendig 'n liggaam met gesag nie. Gesamentlike verklarings sou „in essence the character of a synod" openbaar. 'n GES wat bindende besluite neem, sou dadelik kerke soos die OPC van die VSA uitsluit. 'n Minderheidsaanbeveling van prof. J. P. Jooste in 1953 dat op grond van die karakter van die GES liefs as 'n Ekumeniese Konvensie van Geref. Kerke bekend moes staan, is afgewys. Soos wyle K. S. van Wyk de Vries graag die beeld van die dier in Op. 17 t.o.v. dergelike ambivalente situasies toegepas het, so sou 'n mens kan sê die GES was en is nie alhoewel hy vir sommige 'n „sinode" is van „*extraordinary* character, with reformation in doctrine and practice as one of its main aims" (GES 1946, art. 121. GKSA 1949, p. 57).

*Die GKSA soek nog flou na 'n GES*

Die Sinode van GKSA 1955 het die GES wat in 1953 min of meer sy huidige beslag gekry het, aanvaar. Tegelyk is nog flouweg probeer om naas die GES 'n werklik „enger ekumeniese struktuur" as sinode „binne dieselfde kerkverband" te kry, omdat„ kerkverband verder strek as nasionale grense" (GKSA 1955, p. 158). Die gedagte het eienaardig genoeg juis in die ekumenies-besielde Nederland en VSA nie ondersteuning gevind nie.

Hoewel oor ekumeniese „eenheid" gedroom is, het eerstens die besef dat 'n GES ligtelik in huishoudelike sake kon inmeng, die Nederlanders veral aan hulle afsonderlikheid laat vasklem. Tweedens het die ekumeniese strewe meer uit 'n ideologie as uit praktiese

behoefte na vore gekom, behalwe miskien in 1946 die adviesvraag uit Nederland oor die Schilder-afskeiding van 1944. Die GES is gebore uit idealistiese struktuurbou en nie op sterkte van 'n dwingende Skrifbeginsel of praktiese noodsaak nie (vgl. A. K. Bot, GKSA 1949, p. 61v). Telkens was die agenda van die GES teleurstellend „skraal" (vgl. GKSA, Acta 1955 p. 249; 1973 p. 110).

Die GKSA het in 1964 egter die beginsel van ekumenisiteit deurgetrek na waar werklik behoefte daaraan bestaan het. Verskillende nasionale sinodes onder verskillende volksgemeenskappe wat dieselfde geloof en kerkregering in Suider Afrika het, het in 1966 die eerste Algemene Sinode gekonstitueer. Hierdie samekoms van verskillende nasionale sinodes het ondertussen volle bevoegdheid oor die leer en kerkorde verkry.

*Kritiese aantekeninge oor die karakter en gesag van die GES*

„Gesag" stel 'n baie belangrike en ingewikkelde kerkregtelike probleem aan die orde. Ek meen dat o.a. W. D. Jonker in sy rede by Unisa oor die Koningskap van Christus duidelik aangetoon het dat die regering van die kerk deur Christus gewaarborg word deur die beginsel in art. 31 DKO. Daarvolgens sou 'n mens in lyn met art. 7, 29—32 NGb kon beweer dat 'n GES in alle sake waar op sterkte van die Skrif en Konfessies uitspraak gedoen is, bindende gesag het. Daar was ook momente wat hierdie basiese reformatoriese gesagsbeginsel in die skemer gefigureer het (Vgl. bv. GES 1953, art. 101, par. V).

'n Ander opvatting oor gesag lê nadruk op die instrument wat die gesag bedien. Rome beklemtoon die amp aan die een kant of die konsilie aan die ander kant. Gedurende die 18de eeu kom die natuurreg van die outonome individu op. Daarvolgens word gesag kumulatief in die struktuur of genootskap saamgebring deur wettige verteenwoordigers aan wie die lidmate hulle gesag gedelegeer het. Volgens hierdie opvatting sou die GES sy gesag aan die samestellende kerke moes ontleen, soos die eerste paar GES-samekomste oorwegend redeneer. So aanvaar die GES 1946 (art. 43) dat kerke (gemeentes) in nasionale verband in „ecclesiastical federation" staan en dus 'n sinode met gesag kan saamstel. Omdat die GES egter nie op so 'n federale eenheid neerkom nie en nie die gesag wat in art. 36 DKO omskryf word besit nie, kwalifiseer dit nie om gesag te dra nie. Die Nederlandse Sinode van Zwolle 1946 het sy deputate na die GES ook gebind om te waak dat die gesag van die GES nie verder sal strek as advies aan die samewerkende kerke nie, wat die kerke vir hulle rekening kan neem of nie. Die GKN wou die agenda ook beperk by die kerk en sy leer. Daar is dus aanvaar dat die gesag van die GES „derives from the minor assemblies, *limited* as to the scope allotted to them, and *dependent* upon certain conditions cf. art. 31 CO of Dordt" (GES 1953, art. 85). Om gesag afhanklik te maak van *wie* dit bedien verskil aanmerklik van Calvyn wat gesag verbind aan *wat* bedien word, d.w.s. die ooreenstemming met die Woord (vgl. Institusie IV, 8, iv e.v., x; 9, viii; 10, vii ens.)

Die „konstitusie" wat die GES 1953 formuleer openbaar anomalie tussen Skrifgesag en kerkgesag. Aan die een kant word gesê

dat besluite in ooreenstemming met Gods Woord gesag besit. Tog word nie aan die GES „kerkregtelike gesag" toegeken nie. Besluite dra 'n adviserende karakter. Dit word eers bindend wanneer die betrokke kerke dit aanvaar. Nietemin word verwag dat samewerkende kerke met die oog op „eenheid" erns met die uitsprake en beslissinge van die GES sal maak (GES 1953, 101, V). Die gesag en binding van besluite hang dus steeds af van die strukture wat die GES konstitueer (GES 1946, art. 43). Daarmee is die verantwoordelikheid vir oordeel eintlik vir die samestellende „kerke" gereserveer (vgl. GKSA 1949, p. 37).

Die GES se aanname van die genootskaplike regsbeginsel as grondslag vir gesag, lei ook tot die stelling dat met gelyke stemreg vir samewerkende kerke „justice (could be gravely endangered". Klein kerke sou groteres kon oorstem. Gevolglik word stemreg in klasse toegedeel. Stemme word dus getel i.p.v. aan Skrif getoets. Klein kerke met minder as 100,000 lede het *twee*, gemiddelde kerke tot 300,000 het *drie* en groot kerke met meer as 300,000 lede (kinders ingesluit) het *vier* stemgeregtigdes. Daarnaas is daar voorsiening gemaak vir nie-stemgeregtigde lede en adviseurs wat wel in kommissies mag stem. (Vgl. GES 1953, art. 101, VI en Kommissierapport).

*Die werkswyse van die GES*

Oorspronklik sou die samewerkende kerke selfs verslag doen van die „kerkelijke en geestelijke toestand van haar kerken" (GES 1953, art. 101, VI) en advies van die GES inwag (sub 4). Die GES handel met rapporte van studiekommissies of sake wat bepaalde kerke aan die GES voorlê. Die agenda word gedurende die sinode na verskillende kommissies verwys. By ontvangs en op sterkte van hierdie rapporte besluit die sinode. Die moderamen van een sinode word as *Interimkommissie* gemandateer om in dringende sake handelend op te tree en om bepaalde take namens die GES uit te voer. Daaronder kom samesprekinge met die WRK, ondersoeke by lidkerke oor bepaalde probleme bv. in SA oor die rassesituasie en by die GKN oor leerkwessies ens. ,te sprake.

*'n Internasionale Geref. Sendingraad*

Die eerste GES het in 1946 beplan om 'n Internasionale Geref. Sendingraad in die lewe te roep. Die parallel met die WRK is opvallend. In 1953 het die Sendingraad nog nie funksioneer nie en ook by die GKSA geen byval gevind nie (GKSA 1952, p. 91). Op watter gronde sending en sinode geskei is, is nie duidelik nie. Op versoek van die GKSA is sending meer direk tot deel van die werksaamhede van die GES gemaak. Tans word enkele dae direk voor die GES 'n sendingkonferensie met 'n bepaalde tema gehou. Besonder waardevolle referate word gelewer. Daaroor word in die GES verslag gedoen. Die predikante uit jonger kerke uit Afrika kla egter telkens oor die akademiese karakter van die referate wat hulle moeilik verstaan.

Die vraag is waarom die Sendingraad nie van die grond gekom het nie en waarom sending op ekumeniese vlak 'n teoretiese rigting

opgegaan het. Die feit is dat die GKN se sending in Indonesië deur politieke veranderinge omstreeks 1950 tot stilstand gekom het. Die GKN het nie ander praktiese sending onderneem nie en teen 1968 ingeval by die program van die WRK om politieke struktuurveranderinge in talle wêrelddele teweeg te bring. Oor die algemeen, behalwe vir die CRC in Nigerië en elders, die CGK in Noord-Tvl, is weinig nie-Suid-Afrikaanse GES kerke by buitelandse sending betrokke. Selfs die kerke in SA is al minder by daadwerklike sending betrokke. Sending het veelal 'n naam geword om reeds gestigte kerke finansiëel en andersins te ondersteun. 'n Mens kry die indruk dat die GES tans oorwegend verbaal met sending besig is.

*Teologiese konferensies*

Aan elke GES gaan 'n teologiese konferensie oor aktuele teologiese vraagstukke vooraf. Waardevolle referate word gepubliseer ten dienste van die kerke en gereformeerde bewegings wat daarvan wil gebruik maak.

Sedert 1946 reik die GES op aandrang van die GKSA 'n verklaring as getuienis oor aktuele probleme uit. Merkwaardig genoeg het die eerste GES in 1946 getuig teen die gevaar wanneer kritiek op die Heilige Skrif op sterkte van „human deliberations and thoughts" toegelaat word. Die jongste GES in 1980 is volgens prof. J. Plomp van die GKN (Geref. Weekblad 1.8.80) verdeel oor hoe die gesag van die Skrif verstaan moet word. Die GKN het in November 1980 aanvaar dat waarheid relasioneel tussen objek en subjek bestaan. Volgens H. Berkhof tree daarin 'n betekenisvolle verandering in die konfessionele standpunt van die GKN na vore. Prof. J. Faber van die Geref. Kerk van Kanada beskou die standpunt as triomf vir subjektiwisme en die eksistensialistiese waarheidsbegrip, nl. waarheid is ontmoeting. Hy mis 'n analise en aanvaarding van die Bybelse waarheidsbegrip (RES NE 10.2.81).

My indruk te Nimes 1980 was dat die GES al meer studiekommissies benoem om die plig tot uitspraak te ontduik, juis omdat daar nie meer eenheid in die aanvaarding van 'n objektiewe Skrifnorm is nie. So kom die ironiese situasie voor dat deelnemende kerke duidelikheid het oor bv. homoseksualiteit, die WRK, ens., maar dan tog op voorstel van die deputate van die GKN dergelike sake vir studie in die GES ter tafel neem. Daarmee verswak hulle dadelik hulle reeds genome standpunte — sonder dat konkrete besware teen hulle standpunte oorweeg was. Die verwysing vir studie wek onbetwisbaar die indruk dat daar twyfel bestaan. Toegewings aan die GKN om eenheid te bewaar, lei dus direk tot twyfel oor eie verklaarde standpunte. Dit is 'n ope vraag of die GES sonder 'n duidelike versoek tot dien effekte in die agenda, sake waaroor konsensus, uitspraak of usansie bestaan vir studie kan verwys. Die praktyk mag onmiddellike konflik vermy, die oomblik van waarheid uitstel, ens., maar maak aan die anderkant dat die GES eintlik geen basis van eenheid kan veronderstel nie en sy uitsprake as betreklik t.o.v. aanvaarde standpunte van lidkerke beskou moet word.

## 3. WAT IS DIE GES WERKLIK ?

Dit is wenslik dat 'n naam sê wat iets is, maar oor *die naam* van die GES was daar selfs by Sydney 1972 nog nie duidelikheid nie: sinode, konvent, konvensie, raad, beraad, konferensie, of hoe? Die wese van 'n gereformeerde sinode in die 16de en 17de eeu was dat dit 'n samekoms (conventus) van kerke op sterkte van 'n gemeen akkoord oor konfessie en kerkorde met die oog op kerkregering was. Eenheid was die grondslag waarop die samekomste plaasvind en die samekoms het nie probeer eenheid verwesenlik of demonstreer nie. Die kerkregering het wel bedoel om die eenheid te bewaar, te verstewig en uit te bou (Art. 32 NGb). Die sinodes was ad hoc samekomste en geen permanente strukture nie. Die GES kon natuurlik heel gemaklik so 'n tydelike ad hoc byeenkoms van die betrokke samewerkende kerke gewees het.

Dit blyk egter van 1946 af dat die idee geleef het dat die GES 'n „nuwe kerklike liggaam in die lewe geroep" het (GKSA 1949, p. 57). Die Sinode Amsterdam 1949 praat nog in die meervoud van „constituerende kerken", d.w.s. daar skemer nog iets van 'n federale opset deur. Wanneer die kommissie egter by monde van o.a. D. Nauta oor die struktuur van die Ges rapporteer, blyk duidelik dat die GES 'n liggaam in eie reg word. Daar is nie sprake van 'n geleentheid (konferensie, konvensie, beraad) van meervoudige kerke om met mekaar oorleg te pleeg en daarna self te besluit nie.

Die GES word 'n struktuur in eie reg buite die kerke, waarby aangesluit word. Die kerke word d.m.v. verteenwoordigers „members" van die liggaam. Die GES 1953 ontwerp daarom 'n „konstitusie" (art. 101; vgl. GES 1972) wat in hoofsaak vandag nog geld. Die begrip „interim komitee" beklemtoon die permanensie van die struktuur wat nie altyd in vergadering is nie. Vir die liggaam is ook nog 'n stel eie ordebepalinge in 1958 gemaak, waarvan sommige vir o.a. die GKSA nie aanvaarbaar was nie (GKSA 1961, p. 143). Die struktuur in eie reg is in 1963 verder versterk deur 'n permanente kantoor en sekretariaat wat die GES moes „aktiveer en meer doeltreffend maak".

### *Verwarring in GKSA-kringe oor die GES*

Interessante verwarring en problematiek ontstaan by die GKSA oor die wese van die GES in 1955. Die GES moet as 'n „nuwe figuur" hoër waardeer word as „ander interdenominasionale en internasionale verbande", maar dit is geen sinode nie (p. 249, 252). Die eerste GES het die vraag of kerkverband verder as nasionale grense strek problematies gestel het en daarmee vir die Sinode van 1955 die goeie reg vir 'n ekumeniese sinode uitgeskakel (p. 160). Die Sinode van 1958 aanvaar 'n sekretariaat met die verskoning dat die GES geen sinode is nie, maar 'n „aksie-komitee, 'n raad of beweging", hoewel die naam „sinode" gebesig word. Die GKSA noem die GES „tweeslagtig" omdat hy nie net verskeidenheid van kerke nie, maar ook geskeidenheid tussen kerke eerbiedig (GKSA 1958, p. 199). Die GKSA onderneem gevolglik uitvoerige studies oor die begrip van die universele kerk en ekumenisiteit (Acta 1967, p. 371—411). Hierdie studies lei o.a. daartoe dat gesprekke met

die NGKSA en NHK aangeknoop word oor die vraag wat die kerke in SA uitmekaar hou. Die kerkbegrip word voorop geplaas.

T.o.v. die GES as liggaam sê die Sinode van die GKSA 1970 (m.i. tereg) dat 'n kerk vanweë sy eiesoortigheid nie kan „aansluit" by enige ander organisasie nie. Kerklike „aansluiting" beteken „kerkverband en nie lidmaatskap van een of ander organisasie, ook nie van 'n ekumeniese beweging nie ...." (p. 89). Wat hier met „kerkverband" verstaan word is nie so duidelik nie. Tog regverdig dieselfde Sinode van 1970 deputering na die GES op sterkte daarvan dat die GES geen Sinode is nie. Volgens die GES konstitusie het die GKSA egter „aangesluit" by die GES as ekumeniese „beweging", liggaam of organisasie — ten spyte van die verskoning in 1970. Die anomalië en inkonsekwensies ter wille van die „ekumene" val op.

Op sterkte van die verwarrende en teenstrydige aannames van die GKSA t.o.v. die GES kom die vraag na vore in hoeverre die ekumenistiese motief vir organisatoriese „eenheid" deur prinsipiële of deur pragmatiese oorwegings bepaal is. Die GKSA is moontlik in dualisme of teenstrydighede verstrik. Enersyds word die universele en ekumeniese karakter van die kerk as uitgangspunt vir „kerkverband" geneem. Aan die ander kant word weer redeneer dat die „kerkverband" daarom ook die „ekumeniese" moet verwesenlik. (Vgl. 1964, p. 194). Afgesien van die vraagtekens oor die skeiding van die begrippe „kerk" en „kerkverband", as verselfstandigde strukture, kan die eenheid in Christus of ekumene tog nie tegelyk gegewe uitgangspunt en onbereikte doelpunt wees nie.

## 4. DIE GEES EN ANDER EKUMENISTIESE BEWEGINGS

Die GES wou seker 'n alternatiewe antwoord op die WRK en die Internasionale Sendingraad bied. Die tweede GES in 1949 is daarom deur die GKN en die GKSA gevra om hom te verantwoord oor ander „ekumeniese" bewegings soos die WRK, ICCC en NAE (National Association of Evangelicals). In hierdie referaat gebruik ek die term „ekumenisties" vir 'n beweging soos die WRK wat pragmaties organisatoriese eenheid met uitsluiting van die vraag na geloofseenheid as norm en doel stel.

Die GES het aansluiting by die WRK en selfs by die ICCC en NAE afgewys, alhoewel laasgenoemde twee die onfeilbaarheid van die Skrif as norm gestel het. Op die GES in 1953 bots menings skerp toe selfs die NGKSA dreig om hom van die GES te onttrek indien lidmaatskap aan die WRK belet word (GES 1953, Bylae VI, p. 93). Die pas selfstandige Indonesiese kerke was reeds lid van die WRK. Die GES het tog lidmaatskap by die WRK sterk afgeraai en daar op gewys dat leerstukke deur lidkerke van die WRK verskillend interpreteer word en die WRK tog voorgee dat hulle 'n „gemeenskaplike geloof" koester. Die GKN het ondertussen in die Internasionale Sendingraad begin meewerk en in 1967 met 'n brosjure „Gemeenschap der heiligen" hulle toetrede tot die WRK gemotiveer.

Die GKSA verwag in 1970 dat hierdie stap verregaande konsekwensies gaan hê omdat die GKN met „aansluit" eenheid van kerk-

verband in die WRK met kerke wat grootlik afwyk van die gereformeerde leer daargestel het. Die „commitment" in die WRK is so sterk soos kerkverband. Die WRK dra 'n ambivalente karakter deur voor te doen as dienaar van die kerke maar ook as super-kerk. In die WRK is volgens die GKSA 'n bepaalde religieuse grondmotief vergestalt. Daarvolgens is die gesag van die Skrif en Konfessies vir die WRK blote „mensewerk". Die basisformule van die WRK word nooit as kriterium aangelê nie, selfs nie eers waar blatante dwaalleer voorkom nie (GKSA 1970, p. 92v).

Op die GES in 1972 het die GKN hulle optrede probeer motiveer. Die GES van Kaapstad in 1976 het lidmaatskap in die WRK as onversoenbaar met lidmaatskap aan die GES gestel. Drie lidkerke (Free Church of Scotland, Orthodox Presbyterian Church VSA en Reformed Church of New Zealand) het van die GES te Nimes in 1980 geëis dat die GKN tussen die GES en WRK moet kies, anders sou die drie kerke hulle lidmaatskap by die GES heroorweeg. Die GKN het te Nimes 'n vertolking van H. B. Weijlandt ter tafel probeer kry waarin betoog word dat art. 28 en 29 NGb juis „eenheid" en daarom aansluiting by die WRK verplig. Die GKN verkies die WRK tans ver bo die GES (vgl. prof. J. Plomp GW 1.8.80). Die GES is vir die GKN belangrik met die oog op invloed op die „black churches in SA" en inspraak met die oog op bevordering van „menseregte" (RES NE Des. 1980).

Die GES het m.i. die uur van waarheid met die GKN uitgestel toe op voorstel van die GKN besluit is om die vraagstuk m.b.t. lidmaatskap aan die WRK andermaal in studie te neem. Indien die volgende GES lidmaatskap tot die WRK sanksioneer, maak hy m.i. sy eie bestaan oorbodig. Indien die besluit van die GES Kaapstad 1976 gehandhaaf word, sal die GKN ongetwyfeld die WRK bo die GES kies. Ek verwag dat die GKN daarmee saam so veel as moontlik van die jong kerke uit Afrika met hom saam sal probeer neem. Hulle sal aanvoer dat die GES 'n praat-liggaam en die WRK 'n doen-liggaam is.

Die Interimkomitee van die GES voer tans samesprekings met die eweknie van die WRK oor „crucial issues, such as the nature and authority of Scripture and the nature and the calling of the church". Die GES verlang daaroor duidelike verslag en evaluering, sodat standpunt teenoor standpunt gestel word.

## 5. DIE LIDKERKE VAN DIE GES

Kragtens art. V van die konstitusie (GES 1972) word alleen kerkgemeenskappe wat die konfessionele basis van die GES onderskryf en met dissipline „faithful" handhaaf, as lidkerke toegelaat. Op die eerste GES in 1946 was 'n waarnemer uit elk van die Orthodox Presbyterian Church (VSA) en Vrye Hongaarse Geref. Kerk teenwoordig. Die konfessionele en kerkregtelike basis is daarom doelbewus wyer as die Drie Formuliere van Eenheid gestel (GES 1946, p. 34, 37).

Die GKSA het in voorbereiding vir die GES 1949 ook die verskillende NG Kerke en die NHK uitgenooi. Die NG Kerke van

Natal, Kaap, Tvl. en OVS het hulle in beginsel ten gunste van die GES verklaar. Die NHK het berig dat hulle met die WARC volstaan. Van die Engelse Kerke in SA het die Presbyterian Church of SA, Congregational Union (omdat hulle reeds by WRK behoort) en die Methodist Church die uitnodiging tot die GES afgewys. Die Baptist Union of SA het hulle kongregasionalistiese kerkregering en afwysing van belydenisskrifte as verhindering aangevoer. Slegs die Church of England in SA het belanggestel. Op die GES van Amsterdam 1949 is saam met die oorspronklike drie oprigters van 33 uitgenooide kerke net die vier NG Kerke uit SA, die OPC en Free Magyar Ref. Church (VSA), die Free Church of Scotland en die Irish Evangelical Church verteenwoordig.

In die poging om wyer uit te kring word in 1949 benewens genoemde kerke, vier uit Nederland (CGK, GKN (V), Geref. Gemeenten en Oud-Geref.) vier uit Skotland, vyf uit Indonesië en een elk uit Ierland, Frankryk, Hongarye, Japan en Australië uitgenooi sodat die derde GES 1953 ook die Reformed Presbyterian Church of Scotland, Union Nationale des Eglises Réformées Evangeliques Independdantes de France en Geref. Kerken in Indonesië verwelkom. Die CGKN het waarnemers gestuur. Te Potchefstroom 1958 tree die Presbyterian Church of Eastern Australia, die Church of England in SA en op versoek van die CRC die Tiv-kerk uit Nigerië as die eerste swart gemeenskap toe.

In 1963 tree die CGKN toe. Aansoeke om aan te sluit van die Evangeliese Kerk in Brasilië, die Geref. Kerk in Argentinië, sowel as van die kerke in Soedan en Oos-Benue word goedgekeur. In Lunteren 1968 tree die NG Sendingkerk in SA, die NGKA (swart), Nkoma Sinode van Sentraal Afrika Malawi, Presbiteriaanse Kerk van Korea, Onafhanklike Presbiteriaanse Kerk van Mexico toe terwyl nog 3 kerke as „lede" uit Zambië, Salisbury Synod uit Church of Central Africa en die African Reformed Church Rhodesia gekeur word.

Die GES van 1972 kies op aandrang van die GKN ook uit die „non-western peoples and cultures" lede vir die moderamen. Dr. S. H. Widyapranawa van Indonesië en ds. S. Buti dien gevolglik as eerste en tweede assessore. Die Indian Reformed Church in SA is in 1972 toegelaat. Hulle het in 1980 weer besluit om ten gunste van WARK uit die GES te tree. In Kaapstad 1976 het die Reformed Churches of New Zealand, Japan, GK Sinode Middellande en GK Sinode Soutpansberg toegetree sodat 37 kerke met 110 afgevaardiges die GES van 1976 uitgemaak het. Te Nimes 1980 het 35 kerke vergader (met as nuwe lede o.a. uit Botswana, Namibia, Sri Lanka, Toraja Mamasa, Java). Die NHK uit SA, die Nederlandse Geref. Kerke (Vrygemaak buite verband), die Geref. Bond uit die Nederlandse Herv. Kerk, die Evangeliese Kerk van Griekeland, Presbiteriaanse Kerke in Amerika en Frankryk en Brasilië het waarnemens gestuur. Enkele, veral kleiner streng ortodokse kerke, het ondertussen deelname aan die GES beëindig.

6. DIE WERK VAN DIE GES

Dit is onmoontlik om die werk van die GES hier volledig te oorsien en evalueer. Oorsigtelik en met gevaar van veralgemening kan egter 'n paar opmerkings gemaak word.

Die eerste byeenkomste het hulle grootliks besig gehou met die GES self, konstitusies, ordereëlings, organisasie, effektiwiteit ens. Hoewel dit nie so bedoel was nie, maak die notules van die GES sedert 1946 'n sterk akademies-teologiese indruk. Waardevolle studiestukke het in opeenvolgende sinodes gedien oor Inspirasie en Gesag van die Skrif, Eskatologie, die Kerk, Kerk en Staat, onderwys, skepping en ewolusieteorie, art. 36 NGb, rasseverhoudinge, die kerk en sy maatskaplike roeping, ens.

Talle studieprojekte is onderneem met die doel om praktiese resultate te lewer bv. m.b.t. ekumeniese bewegings, huweliksprobleme i.v.m. egskeidingsgronde, rasseverhouding, diakonale sake ens. Die GKSA het rasseverhoudinge reeds in 1946 aan die orde gestel. Gedurende die periode 1968—1976 is die aangeleentheid indringend bestudeer. Die studieresultate van die GKSA vanaf 1958 het een pool en die oogmerke van veral sommige neo-marxistiese teoloë uit die GKN die ander pool gevorm. Tog is merkwaardige eenstemmigheid bereik met 'n mate van verskil van mening oor gesamentlike aanbidding en gemengde huwelike. Die OPC het in 1953 die SA „apartheidsbeleid" voor die GES bevraagteken.

Die GKSA het versoek dat die geestelike noodtoestand in Afrika bestudeer moes word (GKSA 1961, p. 155). Dit is opmerklik dat hierdie aangeleentheid sowel as sending eintlik weinig aandag van die GES geniet het. Vrouestemreg en immigrasie (op versoek van GKN), toelating van vroue tot die amp (1968—1976), die verskil onder gereformeerdes oor sabbat en Sondag, kerklike moeilikhede in Nederland (1946 en weer ná 1968) is wel bestudeer.

Tog het die GES op praktiese gebied nog weinig bereik. In 1958 was daar konkrete voorstelle om jonger en kleiner kerke te steun, maar die steun was gerig op die GES self! Die geldnood van die Teologiese Skool in Aux en Provence is by geleentheid onder aandag gebring. Studiehulp vir teologiese studente uit die Ooste en moontlikheid dat hulle o.a. in SA kom studeer, is genoem. Oor talle onderwerpe het waardevolle bulletins verskyn, vgl. bv. *The Church and its Social Calling, Church and Nation, Prophetic Witness in a bewildered World, Training for Mission, Unity of Mission, The Christian Mission,* ens. Die *RES News Exchange* sirkuleer waardevolle berigte onder die ekumeniese familie.

Die vraag of die GES nie meer konkreet diakonale hulp kan onderneem nie, is bestudeer. Die werk van die CRC wat Woordverkondiging aan daadhulp verbind, is as ideaal aangedien. Tog lyk dit asof gereformeerde kerke moeilik inisiatief op hierdie terrein neem. Die GKN, wat waarskynlik een van die sterker diakonale agente kon wees, verkies om in die wêrelddiakonaat van die WRK op te gaan. Die Indonesiese kerke (intiem gekoppel aan die GKN) noem die GES 'n „praat"-liggaam terwyl die WRK aan hulle daadwerklik (finansiële hulp verleen.

Is Gereformeerde Kerke geneig om meer op die akademiese, konfessionele en teologiese aspekte te konsentreer en die gewone fisiese lewe te verwaarloos? Is elkeen geneig om op homself te konsentreer en word dieselfde van elke ander kerkgemeenskap verwag? Gaan die fisiese nood onder gereformeerdes in Afrika die kerke minder aan as „geestelike" nood? Die agenda van die GES sedert 1946 gee bepaald 'n bevestigende antwoord. Die GES 1976 het geopen net voor die onluste (bepland?) dieselfde aand in Bellville-Suid begin het. Die GES het hom gevolglik daarmee besig gehou.

Die Free Church of Scotland, OPC en RC of New Zealand het die GKN by die GES 1980 aangekla: die GKN duld in stryd met die GES konstitusie leerafwyding onder predikante en professore; het in stryd met GES uitsprake by die WRK aangesluit, het in November 1979 homoseksualiteit gekondoneer deur (praktiserende) homoseksueles ook tot die nagmaal en ampte toe te laat. Die saak was 12 jaar „onder studie". Toe daar nog geen prinsipiële eenstemmigheid bereik kon word nie, het die Sinode in 1979 „pastoraal bewoë" getrag om die homoseksueles van diskriminasie te bevry. Hoewel die GES 1980 met die jong kerke uit Afrika oorweldigend hierteen gekant was, is geen finale besluit geneem nie. Die deputate van die GKN het die indruk gewek dat die besluit nie homoseksuele praktyk goedkeur nie. Die reaksie in Nederland na Nimes het egter die teendeel bewys (vgl. RES NE Des. 1980). Toe die rapport op die sinode van die GKN ontvang was wou sommige die GES bedank en ander die volgende GES konfronteer met die vraag of kerke wat „apartheid" steun wel lidkerke van die GES mag wees.

Die GES het aangedring op streekkonferensies van „lidkerke" oor belangrike sake. In hierdie verband het die streekkonferensie in Suid-Afrika oor vrae soos art. 16 van die Ontugwet, gemengde huwelike ens., inderdaad waardevolle onderlinge vertroue en begrip gebou. Dit is merkwaardig dat al die besluite eenparig geneem is. Dit kan gebeur indien saam voor die Skrif gebuig word.

Die Interimkomitee van die GES sit gedurende 1981/82 samesprekings met SA lidkerke voort om vas te stel in hoeverre „race relations" binne die kerke en in die SA situasie verbeter het. Die agenda is oorwegend sosio-polities.

## 7. DIE GKN EN DIE GES

By die eerste GES in 1946 kan in die openingswoord die dankbaarheid oor die bevryding van „the old homeland" uit die Oorlog gehoor word. Die GKN was vir die kerke in SA en die VSA 'n ware moeder. Die gereformeerde kerke in ander wêrelddele het voor 1940 hulle gereformeerde karakter en eenheid onder haar vlerke beleef. Die GKN het egter dodelik gewond uit die Oorlog gekom. Fisies het die kerk in 1944 geskeur toe prof. K. Schilder en 'n aantal predikante sinodaal geskors en afgesit is. Die volgende sinode het probeer terugkrabbel en 'n „vervangingsformule" oor die doop geformuleer om die skeuring te probeer ophef. Die GKN was so selfgenoegsaam dat hulle die CRC wat ook die uitsprake van Sinode

Utrecht 1905 onderskryf het, nie geraadpleeg het nie (GES 1946, art. 26, 39, 62). Toe die kerke wat hulle „vrygemaak" het nie wou terugkeer nie, het die GKN die GES 1946 gevra om oor die saak te oordeel. Die GES wou hom nie inlaat met die skeuring nie. Die GES het wel die vervangingsformule van 1946 oor doop en verbond as in ooreenstemming met Skrif en Belydenis beoordeel (art. 89). Hierdie situasie kon die behoefte aan en waarde van 'n GES onderstreep. Dr. L. Berkhof het in sy openingsrede verwag dat „our sense of oneness would also be expressed and greater unity might be promoted in our confessional life and in our Calvinistic action" (GES 1946, art. 2).

Moontlik het die skok van hierdie skeuring sowel as die geestelike klimaat na die Oorlog die GKN ook innerlik verwond. Binne twee dekades sou die hart en profiel van die GKN ingrypend verander. Eerstens het die GKN m.b.t. die toelating van vroue tot die besondere dienste in weerwil van GES studies en bevindinge, hulle eie weg opgegaan. In 1980 het die kerk van Soemba in hulle voetspore gevolg. Die GKN het alleen art. 36 NGb herformuleer ongeag wat ander GES kerke sê, al het hulle op die eerste GES saam met die CRC en GKSA „reformation in doctrine and practice as one of its main aims" (verklaring 1946, bls. 2) gestel en hulle saam in die openingsgebed gebid het: „Unite us more and more in true faith. Grant that the unity in doctrine may prove to be unity of strength" sodat die leer van die Skrif verbrei word en 'n „renewed reformation" plaasvind. Die verloop van die geskiedenis 1946—1980 openbaar dat hierdie gebed nie verhoor is nie. Die GKN het die gereformeerde geloof en praktyk verlaat en juis die eenheid met die kerke van die GES tot breekpunt in gevaar gebring.

By Nu-Delhi 1961 het die Russiese Ortodokse Kerk lid van die WRK geword. Vanaf 1967 het die genitief-teologie o.l.v. Schaul e.a. daartoe gelei dat die WRK hom veral op die regeringspolitiek in SA en teen die Afrikaanse Kerke in SA gerig het. Die GKN het in hierdie stadium by die WRK aangesluit en dadelik belangrike instrumente teen SA en Afrikaanse Kerke vir die WRK geword. Ten spyte van die feit dat die GES in sy studie oor rasseverhoudinge die beginsel van volkereverskeidenheid en etnisiteit ook erken het, het die GKN o.l.v. neo-marxiste in eie geledere op die GES in 1968 en 1972 uitsluitend die beginsel van eenheid van die mensdom (totalitêre sosialisme) teen die S.A. situasie aangelê (GKSA 1973, p. 116). Die GKN het daarna al sterker agent vir die WRK se verpolitiekte teologie en Program to Combat Racism geword. Die GKN het in die strategie hom voluit agter Beyers Naudé en die Christelike Instituut ingewerp en getrag om ook NG „sending"-kerke teen die Afrikaanse kerke te polariseer.

Hierdie druk uit gelede van die GKN het positief besinning by die NGKSA gestimuleer, soos die publikasie *„Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif"* (1975) bewys. (Vgl. GES 1968 wat verskeidenheid naas eenheid erken en gevestigde SA praktyke in noute bring, p. 50v, 63v, 104v. Die uitvoerige Skrifstudies uitsprake van GKSA Sinodes 1958, 1961 en daarna het min aandag geniet. Die GKN het daar nooit op ingegaan nie).

Skrywer hiervan was op die Sinode van die GKN 1975 aanwesig alwaar prof. D. C. Mulder, dr. A. Kruijswijk e.a. doelbewus probeer 'n wig dryf het tussen die NGKSA en sy sg. „dogterkerke" o.a. deur die toespraak van ds. E. Buti wat simpatiek teenoor die NGKSA was onmiddellik daarna in 'n ses punt verklaring totaal te verdraai. (Die teks van die ware toespraak van 'n band getik, het in Centraal Weekblad, Des. 1975 verskyn). Die (beplande?) situasie van die GES in 1976 in Kaapstad tydens die onluste het 'n gulde geleentheid gebied aan sommige deputate van die GKN om solidariteit met sommige swart en kleurling predikante te betoon. Dit het openbare verklarings en optredes tydens die GES tot gevolg gehad.

Die GKN het ondertussen voortgegaan om eensydig die ondertekeningsformulier vir ampsdraers, te wysig, kinders tot die nagmaal toe te laat, met die Nederlandse Herv. en Rooms Katolieke Kerke saam eredienste te hou ens. Teoloë soos dr. H. Kuitert en andere het die gesag van die Heilige Skrif een kant geplaas. Dr. H. Wiersinga het die leer van 'n plaasvervangende sterwe van Christus verwerp. Die GKN was impotent om hierdie teoloë te dissiplineer.

Toe die GKN op die GES 1980 in die beskuldigdebank geplaas is het die GES 1980 nie tot dissipline oorgegaan nie. Eienaardig genoeg het juis die deputate van die GKN telkens voorgestel dat die probleemsituasie vir die GKN vir studie verwys moes word. Die GES is ingelig dat die GKN op die punt gestaan het om rapport oor Skrifgesag te ontvang. Die rapport wat ondertussen wel ontvang en aanvaar is (84 bladsye), stel die Skrifwaarhede as objektief en subjektief. Waarheid is relasioneel t.o.v. die menslike en goddelike faktore (RES NE Des. 1980). Tereg sê prof. J. Plomp dat 'n verskil in Skrifbeskouing met die GKN aan die een kant en aan die ander kant ander GES lidkerke aan die dag getree het. Die GKN sou ook vroeër so „naief" met die Skrif omgegaan het! (GW 1.8.80). Die jongste Sinode van die GKN het oorweeg om uit die GES te tree omdat hulle daar net oor die kop kry. Daar is selfs beweer dat die swart kerke in Suid-Afrika (waarskynlik ds. Sam Buti en die (Indiër) Reformed Church of Africa) dit van hulle verlang Die GKN het egter besluit om in die GES te bly en te trag om „ looser RES structure" vir die RES daar te stel. Tegelykertyd sal hulle „scrutinize wether membership involves sanctioning apartheid in SA" (RES NE Des. 1980).

## 8. KONKLUSIE

Die GES van 1984 gaan 'n krisis tegemoet. Die GKN gaan klaarblyklik probeer om die GES nog minder aan die idee van 'n Gereformeerde Ekumeniese Sinode te laat beantwoord as wat in 1946 die geval was. Hulle verlang slegs geleentheid vir „kontak" en dialoog alwaar hulle „inspraak", veral op die swart kerke in Afrika, kan hê. Hulle is uit op dialoog d.w.s. om te praat oor wat gepraat word, in plaas van om soos so eie aan die meeste swart volke van Afrika, te soek na *konsensus*. De GKN bejeën die GES bloot pragmaties.

Aan die ander kant sal talle „kleiner" kerke wat in die GES werklik 'n geestelike gemeenskap (eenheid) gesoek en gevind het, indien die GKN sy sin kry, waarskynlik hulle eie weg gaan. In hierdie verband is die GKN (Vrygemaak) besig om met kerke te onderhandel om 'n „enger" ekumeniese Sinode daar te stel. Die rigorisme van hierdie kerkgroep en normatiewe betekenis wat hulle aan hulle eie interpretasies van allerlei kerklike en teologiese vraagstukke naas die Skrif en Belydenis heg, plaas 'n dik vraagteken oor die lewensvatbaarheid van hierdie „vrygemaakte" GES.

Dit is moontlik dat die konserwatiewe vleuel op die volgende GES versterk kan word deur toetrede van die Nederl. Geref. Kerke (GKN (V) buite verband). Die jong kerke in Afrika sal waarskynlik nie oor konfessionele en teologiese redes die GKN uit die GES dwing nie. Dit is nie hulle aard nie. Die swart teoloë wil bly praat tot konsensus bereik is. Indien die GKN wel moet uittree, sal Indonesië en enkele ander jong kerke seker ook die pad neem. Die uittrede van die GKN uit die GES mag selfs 'n breuk slaan tussen ouer en jonger kerke in SA.

'n Mens moet aanneem dat vanuit Genéve en Nederland strategies beplan sal word hoe om die maksimum verleentheid in die volgende GES te veroorsaak en vir die WRK die grootste wins te behaal. Die vraag van die GKN of lidmaatskap tot die GES „apartheid" in SA sanksioneer toon dat die offensief veral teen die NGKSA geloods sal word.

*Gelewer voor die S.A. Kerkhistoriese Werkgemeenskap te Potchefstroom Januarie 1981.*